DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**19 Maart 2023**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jakobus 2: 14 - 26 |
| **Tema** | Wat help dit - lewe jou geloof. |
| **Sang** | Psalm 92: 1, 7<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 138: 1, 4<br>Psalm 146: 2, 3<br>Skrifberyming 14-3: 3, 4 |

Nagmaal is die maaltyd waar ons saam fokus op die Here se genade en liefde. Christus se offer is eenmaal vir altyd. God wil hê dat jy moet seker wees oor jou geloof, en dat jy nie moet twyfel nie. Jakobus leer ons, en ons bely dit ook in HK Sondag 32, dat ons goeie werke (ons gehoorsaamheid) een manier is hoe ons sekerheid kan kry of ons geloof 'n ware geloof is! So, hoe weet ek my geloof is nie maar 'n skyngeloof, of 'n tydelike geloof, of 'n dooie geloof nie? Hoe weet ek my geloof is 'n geloof wat red, soos Jakobus dit hier beskryf (v 14)?

Die Here leer ons as jy werklik besef hoe verlore jy was, en hoe groot God se genade in jou lewe is, en hoe God jou volkome deur Jesus se werk verlos het, en as jy regtig besef wat God alles daarmee saam vir jou gegee het en steeds gee (al Christus se weldade), en as jy dit opreg vir jouself in die geloof toegeëien het en dit steeds jou eie maak, dan kan jou lewe mos onmoontlik daarna dieselfde wees! Dan moet jou geloof mos ook oorgaan in dade van dankbaarheid en lof en gehoorsaamheid aan God!

Spurgeon het eenmaal gesê: "Ek sal nie maklik my lewe aan jou godsdiens toevertrou solank dit nie gesien kan word nie. Lampe praat nie, hulle skyn". 'n Lamp wat nie skyn nie is nutteloos. Met godsdiens is dit dieselfde: Dit moet sigbaar wees. Wat gebeur in ons gemeentelewe? Is ons sigbaar? Jakobus waarsku ons juis dat wanneer dit goed gaan met ons, ons op ons skerpste moet wees. Ons dade moet die praatwerk doen. Gaan dit werklik goed met ons? Hoor wat sê Jakobus: "Wat help dit my broers (susters)..." Hy beklemtoon dat geloof iets is wat 'n mens doen. Geloof word sigbaar in jou dade. Wanneer is geloof sigbaar? Doodeenvoudige antwoord "Geloof begin eers wys wanneer jy die regte dinge doen". Watter regte dinge? Jakobus stel die regte dinge mooi: * Wanneer jy vir ander mense omgee. * Wanneer medegelowiges wat swaarkry eensaam is en jy hulle gaan besoek. * Wanneer hulle honger is en jy gee hulle iets om te eet.

Sien jy wat ek sien? Al bovermelde dinge is "doen dinge" - dit is wat geloof is. "Geloof is slegs geloof as dit gedoen word" en dit word reg gedoen wanneer jy ander mense in nood bystaan. Geloof is iets wat jy gereeld weggee. Wanneer 'n mens hierdie dinge doen, begin die kerk lewe. Die kerk lewe daar waar gelowiges die Woord gaan uitleef. Luister wat Jakobus sê: "'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood" (Jak. 2:26). Kom ons aanvaar Jakobus met 'n nuwe uitdrukking van: "Kom ons raak betrokke broers (susters)…" Dan kan ons saam met Paulus praat: "…al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan" (Gal. 5:26).

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat 10 bestralings moet ondergaan, omdat daar aktiewe kanker in haar lae rug is. Ons bede is dat die Here jou deur hierdie tyd sal vashou in Sy ewige liefde.
* Ons is dankbaar dat Paul vd Merwe na die knievervanging by Danie en Rioni kan aansterk. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe.
* Ina Erasmus besoek Maandag 'n kardioloog in Pretoria. Ons bid saam met jou vir goeie nuus.
* Ons wens al ons kinders, ouers en onderwysers 'n geseënde vakansie toe. Ons bede is dat almal wat op ver paaie gaan reis 'n veilige rit sal geniet.
* Ons wens vir Christiaan, Lienkie, Flippie en Marlene Hoogendyk 'n voorspoedige reis na Rome. Hulle gaan daar aan die maraton deelneem. Geniet dit.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 19 Mrt 2023

**Diensbeurt: Wyk 12**
**Ouderling: Kudu Pretorius**

**Katkisasie: Geen katkisasie**
**Diaken: Jan-Albert Coetsee**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**19 Maart 2023**
Petro Grobler
Marlene Hoogendyk
Lienkie Hoogendyk
Marileen De Witt

**26 Maart 2023**
Jane de Witt
Hantie Hoogenboezem
Daleen Hoogendyk
Nicolette Howard

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

**Neem asseblief kennis dat Bybelstudie weer op 18 April 2023 sal hervat.**

Hou asb die Basuin dop vir datums.






# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Ouderdom** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| (So) 26 Mrt | Makaela Beyneveldt | 15 | D | 076 841 3570 |
| (Di) 28 Mrt | Koemi vd Walt | 60 | B | 082 459 3832 |
| (Wo) 29 Mrt | **Hendrik vd Walt** * <br> Marina vd Walt | **72** <br> 65 | B <br> B | 072 200 1100 <br> 072 135 6905 |
| (Do) 30 Mrt | **Sheila Cloete** ** <br> Gregory Carlisle | **84** <br> 18 | B <br> B | 083 361 8839 <br> 082 923 9845 |
| (Vr) 31 Mrt | **Rika Schutte** * <br> Annemarie v Biljon | **77** <br> 61 | B <br> B | 079 114 0567 <br> 072 937 9648 |
| (Sa) 1 Apr | Hannes Roux <br> Piet Kruger | 53 <br> 36 | B <br> B | 083 288 2525 <br> 072 502 1587 |

# KOLLEKTES

**Kollektes Maart 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**~~5 Maart Teologiese Studente Kas~~**
**~~12 Maart Thusofondse~~**
**19 Maart Deputate Jeugsorg**

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Lê julle daarop toe om die eenheid**
**wat die Gees tussen julle gesmee het,**
**te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.**
**Efesiërs 4:3**

## KONINGSKINDERSKAMP : GEMEENTE JEUG




Hiermee word u kind uitgenooi na 'n **heerlike vakansiekamp** wat aangebied word deur die **Gereformeerde en AP kerke van Polokwane.** Die kamp vind plaas vanaf **Sondag 26 Maart tot Vrydag 31 Maart 2023 en is vir kinders tussen die ouerdom van 9 en 14 jaar.**

Vir enige navrae en inskrywings **kontak gerus vir Ds Josef Hibbert by 074 172 7297 of Isobel van Wyk by 084 810 8545.**

## SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers is vanaf 2 tot 5 Mei 2023 in die Kruger Wildtuin.** Hulle sal by Olifants kamp tuisgan.

**Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar** vir die Wildtuin uitstappie en as enige lidmaat nog wil gaan, moet jy nou jou plek bespreek anders sal jy nie kan saam gaan nie.

**Skakel vir Marina vd Walt op 072 135 6905, om jou plek op die jaar se Wildtuin uitstappie te verseker.**



# NUWE LIDMATE OPGENEEM

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

***Opgeneem:***


**Willie en Nella vd Berg** van die APK Kerk Pietersburg,

**Tinus en Maritza d Preez** en doop-lidmaat Mignon vd Berg van die NG kerk Drie Riviere,

**Nico en Annelie Coetsee** van die Lede in Christus gemeente Phalaborwa;

**Jaco en Mariza Pelser** en doop-lidmate Marjaze, Kirsten en Hailey Pelser van die NG Moedergemeente Polokwane asook Lenie Lamprecht is in die gemeente opgeneem.

Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.



# KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diakens:

***Ouderling:***

**Pieter Nagel en Robert Marriott.**

**Diakens:**

**Jan-Carl Oosthuizen, Nico Swanepoel en Burger Myburgh.**

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

# BASUIN PLASING

Smul lekker A-graad topside beesmaalvleis nou beskibaar teen R90 p/kg, is verpak in 500g pakkies teen R45 p/pakkie .

En smul lekker C-graad  bees biltong teen R280-00 p/kg verpak in 500g pakkies vir R140 p/pakkie .

Vir bestellings skakel Marelie Fick by 078 446 2165.




3 slaapkamer , 2 Badkamer woonstel , Oopplan Kombuis en Leef area met aparte opwas.

Reeds ge-installeerde Wifi en DSTV.

Afdak parkering met buite braai.

Veilig omhein saam 9 ander eenhede op perseel.

Area : Tweefontein +-2km vanaf SA Brouerye

Kontak :

Simoné Jongbloed

0845113831



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)




Laat ons Sout & Lig
in hierdie wêreld wees

## VERTROU GOD

**Christus bid vir jou: Joh 17: Ek, Jesus, bid vir hulle, jou …**

**Hy ken jou: Jes 43:1- Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.**



## Vertrou God

**Hy is altyd by jou: Mat 28:20 – Onthou; Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.**

**Hy veg vir jou: Eks 14:14 Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

**Hy is jou vesting: Ps 62:6 – Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek. Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek stewig staan.**

**Kyk rondom jou, daar is mense wat hopeloos is, wat nie meer weet wat of waarheen nie...**

**Bid vir hulle, hou hul vas, bemoedig hulle**



## Praat saam....

**Fil 4:6**
**Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend.**

| | | |
|---|---|---|
| <u>Preke</u><br><br>Kan afgelaai word op:<br><br><u>www.gereformeerd.co.za</u> | <u>Kerkkantoor</u><br>Faksnommer<br><br><u>Webwerf</u><br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| | <u>Bankbesonderhede</u><br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| <u>Koster</u><br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| <u>Orreliste</u><br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Geref. Susters Org.<br>Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*Wat baat dit, my broers, as iemand sê dat hy geloof het, maar hy het nie dade nie? Dié geloof kan hom tog nie verlos nie?*

*Jakobus 2: 14*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**